-------- Original message --------
From: Helgard P Hancke <hsag@telkomsa.net>
Date: [redacted]/04/2017 [redacted]:[redacted] (GMT+02:00)
Subject: FW: SKIKKING / SETTLEMENT

SKIKKING OOREENKOMS *SCROLL DOWN FOR*
ENGLISH

Hiermee saam u skikking ooreenkoms ingevolge u skikking aansoek wat aanvaar is.

Die beleggings bedrae vervat in die ooreenkoms is deur Orthotouch geverifieer / gewysig en korrek gesertifiseer.

Let asb. op die volgende aspekte:

Teken ooreenkoms & **PARAFEER OOK ONDER OP ELKE BLADSY.**

Par 3.1 is 'n uiteensetting van u belegging(s) soos op rekord asook bedrag vermeld in u aansoek betaal aan Theron & Vennote t.o.v. HSAG klas aksie registrasie & regskoste.

Die Kapitaal is 50% van u historiese belegging(s) en betaalbaar ingevolge die 50% skikking waarvoor u aansoek gedoen het.

Die Totaal verteenwoordig u Kapitaal (50% van belegging) plus bydraes aan Theron & Vennote wat in tien gelyke paaiemente aan betaal sal word.

U aandag word spesifiek op par 4.1 gevestig – Indien u nie skriftelike bewyse van betalings aan Theron & Vennote by u ooreenkoms aanheg nie sal slegs die Kapitaal aan u betaal word.

Indien u reeds bewyse van betalings aan Theron & Vennote by **u skikking aansoek** aangeheg het, moet u dit asseblief weer by u getekende ooreenkoms ook aanheg. Verkieslik 'n staat van Theron & Vennote wat betalings aantoon andersins bewyse van u bank inbetalings aan Theron & Vennote.

Par 5.1 – Bevestig asb. u bank besonderhede waar betalings gedeponeer moet word.

Getekende skikking ooreenkomste moet my bereik nie later as 2 Mei 2017 ten einde dit te verwerk en voor te lê vir aanvaarding / ondertekening en betaling.

Stuur asb. getekende ooreenkoms na hsag@telkomsa.net so gou moontlik.

Indien u ooreenkomste fotografeer vir versending moet u seker maak dat dit 'n wit agtergrond het aangesien baie skikking aansoek wat gefotografeer is vir versending byna onleesbaar deurgekom

het. Indien u nie oor 'n "scan" fasiliteit beskik nie stel ek voordat u na 'n internet kafee of post net gaan wat dit vir u kan "scan" en per epos versend teen geringe koste.

U kan ook van my faks fasiliteit gebruik maak by die volgende nommer - 086 661 2197

NB! Hierdie skikking word as 'n groep skikking hanteer en individuele of laat skikking ooreenkomste kan nie oorweeg of ingesluit kan word nie.

Groete

SETTLEMENT AGREEMENT

Attached hereto please find your settlement agreement in accordance with your settlement application which was accepted.

Your investment(s) stipulated in the agreement were verified and certified by Orhotouch.

Please note:

Sign the agreement **AND INITIAL EACH PAGE** at the bottom.

Par 3.1 reflects your investments as in the records of Orthotouch as well as the amount you paid to Theron & Partners towards HSAG registration & legal costs specified on your application.

The Capital is 50% of your historical investment which you applied to settle for and will be paid in accordance with the 50% settlement offer.

The Total reflects your Capital (50% of investment(s)) plus costs paid to Theron & Partners which will be paid in 10 equal payments.

Your attention is drawn specifically to par 4.1 of the agreement – If you do not submit written proof of payments to Theron with your agreement only the capital amount will be payable.

If you **already submitted proof of costs** paid to Theron with your application you must please attach same to your settlement agreement. Preferably a recent statement from Theron & Partners.

Par 5.1 – Please furnish correct banking details.

Signed agreements must reach me before or 3rd May 2017 to be processed and accepted as to enable Orthotouch to make the first payment.

Please return signed agreement a.s.a.p. to hsag@telkomsa.net

Ensure that your scanned copies background are clear because some applications was not clear and with a dark background. If necessary go to an Internet Cafe to scan and mail or fax agreement.

My fax number 086 661 2197.

NB! This settlement is part of a group settlement and no individual settlements can be accommodated separately and late settlement agreements will not be accepted.

Regards

H P Hancke

Helgard P Hancke

Tel: +27 83 651 0909

Fax: 086 661 2197

hsag@telkomsa.net

SKIKKING OOREENKOMS/AANBOD

Deur: Surname.First.Name

ID 000000000000

Hierna "die Sedent"

Aan :

Orthotouch (Edms) Bpk. – 2010/004096/07, Hierin verteenwoordig deur Mnr Nic Georgiou.
Hierna "die Sessionaris"

1. Die Sedent het 'n monetêre eis ("die Eis") teen Orthotouch (Edms) Bpk ("Orthotouch") voortvloeiend uit die herstrukturering van die Hoëveld Sindikasie Maatskappye ("HS Maatskappye") t.o.v. beleggings (Historiese Bedrag) gemaak deur die Sedent in sekere HS Maatskappye.

2. Die Sedent erken dat die eis ge herstruktureer is ingevolge Besigheids Redding Prosedure en daaropvolgende reëlingskema wat deur die Hof gesanksioneer is t.o.v. die HS Maatskappye en die Sedent sedeer na aanvaarding deur die Sessionaris sy/haar eis aan die Sessionaris.

3. Die Sessionaris sal hierdie dokument, behoorlik geteken deur die Sedent en die Sessionaris, m.b.t. die sessie van die eis, indien in Trust by prokureurs Kyriacou Ingelyf ("die Prokureurs") wie die dokument in trust sal bewaar tot en met volle betaling van die Totaal in 3.1 hiervan en sal die eis van die Sedent voltooi wees by lewering van hierdie dokument aan die Sessionaris en in ooreenstemming met par. 8 hiervan.

   3.1.1. By ondertekening hiervan sedeer die Sedent aan die Sessionaris wat sessie neem van 50% van die Eis (die Kapitaal) van die Historiese bedrag soos volg bereken:

CRMID	HS00	HS00 Rente	Belegging(s)	Kapitaal	T&V	Totaal

3.2. Die Totaal vermeld in 3.1. is betaalbaar in 10 gelyke paaiemente soos volg;

   3.2.1. 10% (tien present) binne 21 (een-en-twintig) werksdae na aanvaarding hiervan;

   3.2.2. Die balans in 9 (nege) gelyke paaiemente, betaalbaar elke 90 (negentig)ste werksdag in opvolging van die paaiement na verwys in par 3.1 hiervan totdat die Totaal ten volle betaal is.

4. Die Sessionaris sal die bydraes deur die Sedent betaal aan Theron & Vennote t.o.v. "HSAG klas aksie" registrasie en regskoste aan die Sedent vergoed welke betalings by die Kapitaal vermeld in par.3.1 hiervan gevoeg is en bewys van betaling van vermelde koste hierby aangeheg word.

   4.1. By versuim deur Sedent om bewys van betalings aan Theron & Vennote te lewer vermeld in 3.1. sal slegs die Kapitaal in par 3.1 vermeld betaalbaar wees ingevolge 3.2 hiervan.

5. Alle betalings deur die Sessionaris sal vry van enige bankkoste wees en direk in Sedent se bankrekening hier verstrek gedeponeer word:

   5.1. Bank: .....

   Rekening/naam: .....Nommer: .....

6. Die ondertekening van hierdie dokument deur die Sedent vervat n onherroeplike aanbod, wat as dit nie skriftelik aanvaar word deur die Sessionaris voor of op 8 Mei 2017 nie, onttrek sal word en geag van geen waarde of effek te wees nie. Bevestiging van aanvaarding deur die Sessionaris sal geskied by wyse van epos aan die Sedent of sy/haar gemagtigde verteenwoordiger.

7. Die sessie t.o.v. die Eis hierin vermeld suggereer nie aanvaarding van enige aanspreeklikheid of skuld erkentenis aan die Sedent deur die Sessionaris of enige ander party nie behalwe spesifieke aanspreeklikheid wat by aanvaarding van hierdie aanbod mag voort spruit.

8. Met betaling van die laaste paaiement vermeld in par 3.2 hiervan sal die Prokureur enige en alle sessie-dokumente in Trust gehou aan die Sessionaris oorhandig ingevolge par 3 hiervan.

9. Tot die mate waarin die Sedent op enige wyse die HSAG ondersteun het of beplan om dit en/of die aansoek vir tersyde stelling van die reëlingskema en/of enige ander proses, aksie en/of aansoek tans in proses of toekomstig te ondersteun, onderneem die Sedent om by aanvaarding van hierdie aanbod, dit onverwyld te staak op voorwaarde dat die Sessionaris stiptelik ingevolge hierdie aanbod betaal. Met volle betaling van die Eis onderneem die Sedent om enige ondersteuning van en deelname aan die klas aksie of ander aktiwiteite te staak.

10. Indien die Sessionaris nie alle verpligtinge nakom deur enige of al die betalings vervat in par.3.2 hiervan na te kom nie en in gebreke bly vir 7 (sewe) werksdae om dit te doen nadat die Sessionaris skriftelik aangemaan is om dit reg te stel is die Sedent geregtig om sonder benadeling van regte en sonder verdere kennisgewing hierdie ooreenkoms te kanselleer en alle gelde betaal deur die Sessionaris te hou as ooreengekome vooraf berekende skade en kan die Sedent weer enige van die aksies in par 9 hiervan ondersteun.

11. Indien hierdie Ooreenkoms gekanselleer word in terme van par.10 hiervan sal die Prokureur alle sessie dokumentasie in Trust gehou ingevolge par.3 hiervan aan die Sedent oorhandig binne 7 werksdae na sodanige kansellasie.

12. Die party hiertoe sal die inhoud van hierdie dokument, die bestaan en inhoud daarvan as uiters konfidensieel hanteer en onderneem om in beide se belang nie die inhoud aan enige ander person / party te openbaar nie.

13. Die Sedent erken dat betaling kragtens hierdie ooreenkoms:
    13.1. 'n Volle en finale skikking is ten opsigte van enige en/of alle eise van die Sedent teen die Hoëveld Sindikasie Maatskappye, Orthotouch en/of enige ander instansie en/of person wat mag voortspruit uit die historiese belegging in die Hoëveld Sindikasie Maatskappye.
    13.2. Die Sedent nie geregtig sal wees op enige voortgesette rente ontvangste, betaalbaar op historiese belegging(s), nie vanaf datum van eerste betaling soos per par. 3.2 hiervan.

14. Hierdie ooreenkoms vervat die hele ooreenkoms tussen die partye hiertoe betreffende die onderwerp hiervan en geen wysigings, verandering, byvoegsel afwyking of konsensuele kansellasie sal enige gevolg of effek hê tensy dit skriftelik ooreengekom is en deur partye hiertoe onderteken is. Die partye erken ook dat geen ander voorwaardes of terme, hetsy skriftelik of mondelings, of uitdruklik of by implikasie, van toepassing sal wees nie.

15. Die partye kies die volgende adres as hul onderskeie, *domicilium citandi et executandi* as die adres waar alle dokumente beteken kan word.

Sedent adres: .....

Epos: Tel: .....

Sessionaris: Cedar Square Shopping Centre Offices, Willow Avenue, Fourways, Johannesburg.
Epos: phoebe@georgiou.co.za

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN OP _____ DAG VAN_____ 2017

_____ _____
Sedent **Getuie**

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN OP _____ DAG VAN_____ 2017

_____ _____
Sessionaris **Getuie**

Nota:

Stuur asb. getekende ooreenkoms per epos aan: hsag@telkomsa.net vir aandag Helgard Hancke om ons te bereik nie later as 2 Mei 2017 nie.
Enige wysigings deur Sedent / applikant moet geskied met volle handtekening van sedent en getuie.
Voltooi ook par. 5.1 & 15 noukeurig.